

PrEP en jou meisie?

HOE KAN EK MY MEISIE ONDERSTEUN OM PrEP TE GEBRUIK?

Deur haar te help onthou om haar pil elke dag te drink. Help haar beplan met vervoer en tyd vir haar opvolg besoeke. Gesels oor maniere om haar te help onthou om haar pil elke dag te drink en haar opvolg besoeke na te kom as sy nie by die huis is. Vertel haar hoe trots jy op haar is omdat sy haar PrEP getrou gebruik.

MY MEISIE ERVAAR NEWE EFFEKTE VAN PrEP EN WIL DIT NIE MEER GEBRUIK?

Vertel haar dat sommige mense ervaar nuwe effekte van PrEP vir 'n paar weke totdat die liggaam aanpas by die medikasie. Stel voor sy gebruik PrEP voor sy gaan slaap. As die simptome nie beter raak, kontak jou dokter of gesondheids adviseur.

AS MY MEISIE PrEP GEBRUIK, HOE GAAN DIT ONS VERHOUDING BEINVLOED?

Deur PrEP te gebruik, bly julle HIV vry/negatief. Deur PrEP te gebruik, wys jy hoe belangrik die verhouding vir jou is. Deur PrEP te gebruik bewys julle aan mekaar dat julle vir mekaar omgee en 'n gesonde toekoms saam wil he.

KAN MY MEISIE SWANGER RAAK TERWYL SY PrEP GEBRUIK?

Ja sy kan swanger raak. PrEP is nie 'n voorbehoedmiddel, gebruik kondome tydens seks om konsepsie te voorkom.

MY MEISIE IS SWANGER, KAN SY STEEDS PrEP GEBRUIK?

Ja sy kan steeds PrEP gebruik tydens swangerskap. Studies het getoon dat PrEP veilig is vir die ongebore babafetus en die moeder.

Maak seker PrEP is reg vir jou?
Gesels met 'n professionele gesondheids adviseur by jou naaste kliniek of hospital of besoek ons "Facebook" blad vir meer inligting.



projecthopeorgnamibia



PHNamibia1

www.projecthope.org/prepnamibia

Determined Resilient Empowered AIDS-Free Mentored Safe



Ek kies om ondersteunend te wees

#PrEP.
Vir jou.
Vir my.



WAT IS PrEP?

PrEP staan vir "Pre-exposure prophylaxis. PrEP is 'n klein pilletjie wat daaglik geneem word om te verseker dat HIV vry mense, HIV negatief bly.

HOE WERK PrEP?

Die daaglikse gebruik van PrEP verseker dat die medikasie is teenwoordig in jou bloed en weefsel, sodat die HIV virus hom nie kan tuismaak in jou liggaam.

WERK PrEP RERIG??

Deur PrEP te gebruik soos voorgeskryf, verlaag jou HIV infeksie risiko met meer as 90%.

HOE LANK NEEM DIT VOOR PrEP WERK?

Dit neem 7 dae vir orale seks en 21 dae vir vaginale seks, vir PrEP om die voorkomende vlak te bereik in die liggaam.

KAN EK PrEP GEBRUIK?

Jy kan PrEP gebruik as jy HIV negatief is en die risiko om HIV infeksie te kry hoog is. Raadpleeg jou dokter of gesondheids adviseur om te bepaal of PrEP geskik is vir jou.

IS PrEP VEILIG VIR MY OM TE GEBRUIK?

Ja PrEP is baie veilig om te gebruik met geen nuwe effekte vir 90% van sy gebruikers. Sowat 10% van mense wat met PrEP begin, het matige kort termyn nuwe effekte soos sagte en meer gereelde stoelgange, verminderde of vermeerde eetlus, abdominale opgeblasenheid en krampe of winderigheid. Bogenoemde nuwe effekte verdwyn gewoonlik in die eerste maand van gebruik.

WAAR KAN EK PrEP KRY?

PrEP is beskikbaar by enige staats kliniek of hospital, nadat n HIV toets gedoen is en die resultaat is HIV negatief. 'N Gesondheids werkers sal met jou gesels oor PrEP, voordat jy besluit PrEP is reg vir jou.

IS DIT NODIG OM PrEP LEWENS LANK TE DRINK?

PrEP word nie lewenslank gebruik. PrEP word gebruik vir periodes, weke, maande of selfs jare, solank n persoon voel hy/sy loop die risiko om HIV infeksie op te doen.

AS EK WIL STOP MET PrEP. WAT MOET EK DOEN?

Raadpleeg jou dokter of gesondheids adviseur. Gebruik PrEP nog vir 28 dae nadat jy blootgestel was aan HIV infeksie, om te verseker jy is beskerm. As jy voel jy het weer PrEP nodig, gaan na jou naaste hospitaal of kliniek, en word getoets vir HIV infeksie. As jy HIV negatief is, vra om weer met PrEP te begin.



KAN EK PrEP NEEM MET ALCOHOL OF ANDER MEDIKASIE?

Ja PrEP kan met alkohol geneem word, alhoewel die oormatige gebruik van alkohol nadelig vir jou gesondheid, kan dit veroorsaak dat jy vergeet om jou PrEP pil te drink. PrEP kan saam met ander medikasie gebruik word sonder dat dit die ander medikasie affekteer.

IS PrEP AL WAT EK NODIG HET OM VEILIG TE WEES?

PrEP is n belangrike middel om jouself te beskerm, maar geen metode is 100% veilig. Gebruik ook kondome saam met PrEP om die risiko vir HIV infeksie verder te verlaag.

Plus PrEP verminder grootliks die risiko om HIV op te doen, maar dit beskerm jou nie teen ander seksueel oordraagbare infeksies. PrEP saam met die gebruik van kondome bied n groter breedvoerige spektrum van beskerming teen infeksies.

PrEP VS PEP - WAT IS DIE VERSKIL?

PrEP word geneem VOOR jy dalk blootgestel word aan die risiko van HIV infeksie terwyl PEP geneem word binne 72 uur NADAT jy blootgestel was aan HIV infeksie

IS PEP DIESELFDE AS ART?

Nee PEP bestaan uit sommige van dieselfde medisyne as ART, maar PEP beskerm jou CD4 selle teen die HIV virus as die virus in jou liggaam kom. ART word gebruik deur mense wat lewe met HIV, sodat die hoeveelheid HIV in die liggaam verminder en die liggaam sterk en gesond is om teen infeksies te veg.